# DIE TABERNAKEL VAN DAWID
# SE
# RESTORASIE

## INLEIDING

Die boek Amos handel oor die volk Israel se vervalle toestand. Amos het in Juda gebly, maar sy profetiese boodskappe het hy in Israel afgelewer. Onder Jerobeam as hulle koning was hulle ver van JaHUaH af en in afgodery vasgevang. In Amos 7:8 en 8:2 sê JaHUaH by monde van Amos dat Hy hulle **nie meer gaan oorsien nie** *("nie meer by hulle sal verby gaan nie")* en vergelyk Hy hulle "einde" met 'n **afgeplukte** mandjie somervrugte. In Hebreeus klink "**somervrugte**" en "**einde**" baie dieselfde. JaHUaH het dus met woordspeling aangedui dat Hy die streep getrek het en dat Israel se einde in sig was.

> Amos 8:2 En Hy sê: Wat sien jy, Amos? En ek antwoord: 'n Mandjie met **somervrugte** *(H 7019, "**qa'yits**" ... from H6972 "to clip off")*. Toe sê JaHUaH vir my: Die **einde** *(H7093, "**qets**" ... from H7112 "border/end")* het vir My volk Israel gekom; Ek sal hom verder nie meer verbygaan nie.

Toe hulle daarna weggevoer was, was die "seisoen" vir hulle verby en is hulle "afgepluk" soos somervrugte aan die einde van die seisoen. Israel se seisoen was verby al het Juda nog vir 'n tyd in die land gefunksioneer, maar toe JaHUsha gekom het, het Juda as die oorblyfsel van Sy volk Hom nie aangeneem nie (Joh. 1:11), en toe was dit geheel en al verby met 'n fisiese Israel as 'n geheel (Joh. 1:12 – 13).

Hoewel Israel se einde in sig was, het JaHUaH 'n **herstel van Israel** in die verse daarna ook in gedagte gehad, vanaf Amos 9:11 – 15 *(vergelyk ook Jes. 61)*. Fisiese Israel sou aan die einde van hulle seisoen "afgepluk" word en 'n geestelike Israel vanuit die nasies sal daarna ontstaan as die **herstel** of **heroprigting** van die "vervalle Hut van Dawid" (vgl. Joh. 1:12 – 13).

> Amos 9:11 In dié dag sal Ek **die vervalle Hut van Dawid weer oprig**, en Ek sal sy skeure toebou en sy puinhope herstel, en Ek sal dit opbou soos in die ou tyd;
> Amos 9:12 sodat hulle in besit kan neem die oorblyfsel van Edom en **al die nasies** oor wie my Naam uitgeroep is, spreek JaHUaH wat dit doen.
> Amos 9:13 Kyk, die dae kom, spreek JaHUaH, dat die ploeër die maaier inhaal, en die druiwetrapper die saadsaaier; en dat die berge van mos sal drup, en al die heuwels daarvan oorvloei sal wees.
> Amos 9:14 En Ek sal die lot van my volk Israel verander, en hulle sal die verwoeste stede bou en bewoon, ook sal hulle wingerde plant en die wyn daarvan drink, en tuine aanlê en die vrugte daarvan eet.
> Amos 9:15 En Ek sal hulle plant in hul land, en hulle sal nie meer uitgeruk word uit hul land wat Ek hulle gegee het nie, sê JaHUaH jou Elohiem.

Die Jode van JaHUsha se tyd (veral hulle leiers, die Fariseërs en die Skrifgeleerdes), het Hom **nie aangeneem** as JaHUaH se gestuurde Gesalfde nie, waarop die "herstel van die koninkryk van Israel" toe in Hand. 2 gemanifesteer het as 'n **Geestelike Israel** vir elkeen wat Hom wel aangeneem het, Jood of nie-Jood, Gal. 3:28 *(sien SHAVUOT EN DIE FEES VAN EERSTEVRUGTE)*.

Profesieë wat skyn asof dit 'n fisiese vervulling sou moes hê (bv. vers 14 en 15 hierbo), was **voorwaardelik** en as die voorwaarde nie nagekom is nie (as JaHUsha nie aanvaar is nie), word daardie profesie in die geestelike vervul *(Sien ook: THE EZEKIEL TEMPLE)*.

So word Amos 9:11 aangehaal in Hand. 15 om te verduidelik dat JaHUsha as "Seun van Dawid" die vervulling van Amos se profesie was.

> Amos 9:11 In dié dag sal Ek die **vervalle hut van Dawid** weer oprig, en Ek sal sy skeure toebou en sy puinhope herstel, en Ek sal dit **opbou** soos in die ou tyd;

> Hand. 15:16 **Daarna sal Ek terugkom en die vervalle Hut van Dawid weer oprig**, en wat daarvan verwoes is, sal Ek weer oprig en dit herstel

Maar hoekom was Dawid belangrik?

**DAWID**

Voordat Dawid oor die hele Israel regeer het, het Hy aanvanklik regeer vanaf Hebron waarna hy toe Jerusalem ingeval en oorgeneem het vanaf die Jebusiete (2 Sam. 5:3, 6 – 7). **Sion** was oorspronklik eers 'n Jebusitiese fort in Jerusalem wat op die berg Sion gebou was. Dawid het 'n stad daar gebou wat van toe af genoem is: die "Stad van Dawid" (vergelyk ook Ps. 132).

> 2 Sam. 5:7 Maar Dawid het die bergvesting Sion ingeneem; **dit is die stad van Dawid**.

Sion is ook 'n sinoniem vir "die stad van Elohiem" (Ps. 2:6), want nadat Salomo die tempel in Jerusalem gebou het, het Sion ook die tempelarea ingesluit (Ps. 48:2 – 4, 10 – 12, Ps. 132:13, vergelyk ook Heb. 12:22, 1 Pet. 2:6).

In die tyd van Dawid was die Huis van Elohiem verdeel in twee dele. Daar was die Tabernakel in Gibeon *(1 Kron. 16:37 – 40, 1 Kron. 21:29, 2 Kron. 1:1 – 12)*, terwyl die Ark van die Verbond in die stad van Sion was. Toe Dawid koning geword het, het hy die Verbondsark vanaf Abinadab se huis (1 Sam. 7:1) na sy *(Dawid se)* stad "Sion", toe gebring en 'n Tent daarvoor opgeslaan.

> 1 Kron. 15:1 En hy het vir hom huise gebou in die stad van Dawid, en 'n plek reggemaak vir die ark van Elohiem en daarvoor 'n tent opgeslaan.

1 Kron. 15 – 17 gee 'n beskrywing van die gebeure rondom die terugneem van die Verbondsark na die Stad van Dawid.

Die Tent met die Verbondsark daarin wat deur Dawid in Sion opgerig was, was dus ook 'n Tabernakel, die "Tabernakel/Hut van Dawid", omdat dit JaHUaH se teenwoordigheid d.m.v. die Verbondsark gehuisves het (*Ex. 25:22)*.

**HUIS/HUT VAN DAWID**

Dawid was ‘n skaapherder wat deur Samuel as koning oor Israel gesalf is in opdrag van JaHUaH (1 Sam. 16). As die “Seun van Dawid” (‘n afstammeling van die “Huis” van Dawid) was JaHUsha die Gesalfde (Moschiach), d.w.s. **Koning**. Hy was ook die **Herde**r van Israel wat Sy lewe afgelê het vir die skape (Joh. 10:11, 15).

Om te verstaan hoekom die woord “Huis/Hut/Tabernakel” gebruik word i.v.m. JaHUsha en Dawid, moet ons die Hebreeuse illustrasie van spesifieke woorde begryp.

Die woord vir vader in Hebreeus is “**av**”, אַב *(die prentjieskrif is onderskeidelik ‘n **Os** en ‘n **Huis**, wat simboliseer: die pa is die **Sterk** een in die **Huis**)*. Die woord vir seun is “**ben”**, בֵּן en dit ontspring uit die woord vir “bou”, naamlik “**bana”**, בָּנָה. Vanuit die Sterk een in die Huis is dus die uitbouing of Voortsetting van die huis.

Die Vader (”Av”) is die “**bron”**, want die woord “av” het ook te doen met die saad van gewasse *(die gort moet “**aviv**” word*). Saad is die bron of argitek van die hele plant. Netso is die pa se saad ook die “argitek”, want dit bevat ‘n geneties gekodeerde “bouplan”.

Wanneer daardie saad in bevrugting begin groei, kom iets **sigbaars** tot stand, en siedaar: die seun is **“gebou”**, die “bouplan” het gemanifesteer. ‘n Seun is “uit die vader gebou” (vergelyk 1 Pet. 1:23) as **voortsetting** van die pa se huis.

In Bybelse tye is die pa se huis/tent letterlik groter ge**bou** *(ge-”**bana**”)* wanneer daar ‘n seun *(**ben**)* gebore is, want daar is net nog ‘n paneel in die tent bygevoeg.

Vergelyk die woord “seun”/**BeN** (Strong’s H1121) in die Ancient Hebrew Lexicon 1037 ...

> בֵּן BN: The pictograph Beth is a picture of a tent. The Nun is a picture of a sprouting seed and represents **continuity** as the seed continues the next generation. The combined meaning of these letters mean “**the continuing of the house**”.
>
> The tent was constructed of woven goat hair. Over time the sun bleaches and weakens the goat hair necessitating their **continual** replacement.
>
> Each year the women make a new panel, approximately 3 feet wide and the length of the tent. The old panel is removed (being recycled into a wall or floor) and the new strip is added to the tent.
>
> Since the tent is only replaced one small piece at a time, the tent essentially **lasts forever**.
>
> There are many similarities between building a tent out of goat hair panels and the **building of a house out of sons** *(the idea of building a house with sons can be seen in Gen. 30:3)*. Just as the tent panels are added to continue the tent, sons are born to the family **to continue the family line**. Just as the tent is continually being renewed with new panels, the family is continually being **renewed with new sons**.

Dawid was ‘n skaapherder wat koning geword het en dit is dan op hierdie wyse waarop JaHUsha as die **Koning**/Gesalfde *(Jes. 9:5 – 7, Jes. 11:1 – 2, Ps. 110, 1 Tim. 6:14 – 15, Open. 17:14)* en as **Opperherder** van die skape *(1 Pet. 5:4)* Dawid se **huis**/**hut** Voortgebou het as die “**Seun van Dawid**”

> Jes. 11:1  Maar daar sal ‘n **takkie uitspruit uit die stomp van Isai**, en ‘n loot uit sy wortels sal vrugte dra;
> Jes. 11:2  en op Hom sal die **Gees van JaHUaH** rus, die Gees van wysheid en verstand, die Gees van raad en sterkte, die Gees van kennis en van die vrees van JaHUaH.

> Jes. 53:2  Hy tog het **soos ‘n loot** voor sy aangesig **opgespruit** en **soos ‘n wortel uit droë grond**. Hy het geen gestalte of heerlikheid gehad, dat ons Hom sou aansien nie, en geen voorkoms, dat ons Hom sou begeer nie.

Geliefde is “Dawied” in Hebreeus, Strong’s H1731: “Beloved One”. Dawid as ‘n skadubeeld van JaHUsha was ook ‘n man na Elohiem se hart. JaHUsha was die Vader se “Dawied” Seun.

> Matt. 3:16  En nadat JaHUsha gedoop was, het Hy dadelik uit die water opgeklim, en meteens gaan die hemele vir Hom oop, en Hy sien **die Gees van Elohiem** soos ‘n duif neerdaal en op Hom kom.
> Matt. 3:17  En daar kom ‘n stem uit die hemele wat sê: Dit is my **Geliefde Seun** in wie Ek ‘n welbehae het.

So is die Hut/Tabernakel van Dawid ‘n tipe van die Huis van die Vader as ‘n “Koninkryk”. Daar waar JaHUsha gesê het dat Hy heengaan om vir ons plek te berei (Joh. 14:1 – 2).

> Joh. 18:36  JaHUsha antwoord: **My koninkryk is nie van hierdie wêreld nie**; as My koninkryk van hierdie wêreld was, sou My dienaars geveg het, dat Ek nie aan die Jode oorgelewer word nie. Maar nou is My koninkryk nie van hier nie.

Die vervalle Huis/Hut/Tabernakel van Dawid is op hierdie manier weer opgebou in en deur JaHUsha in ‘n **geestelike** hoedanigheid as die Koninkryk van die Hemel wat naby gekom het, want **fisiese** Israel se “huis” is vir hulle **woes** gelaat weens hulle verwerping van JaHUsha. Daar is geen restorasie vir Israel as ‘n **fisiese** koninkryk nie. Fisiese Koninkryk restorasie van die “Land en die mense” is misleidende “Kingdom Now” teologie.

> Matt. 23:37  Jerusalem, Jerusalem, jy wat die profete doodmaak en stenig dié wat na jou gestuur is, hoe dikwels wou Ek jou kinders bymekaarmaak net soos ‘n hen haar kuikens onder die vlerke bymekaarmaak, en julle wou nie!
> Matt. 23:38  Kyk, **julle huis word vir julle woes gelaat**!
> Matt. 23:39  Want Ek sê vir julle: Julle sal My van nou af sekerlik nie sien nie **totdat julle sal sê**: **Geseënd is Hy wat kom in die Naam van JaHUaH**!

Die Vader is nie sienlik nie (net soos saad wat nog nie ontkiem het in iets sigbaars nie), maar JaHUsha as die “ontkiemde Saad”, gegenereer vanuit die Vader (Ps. 2:7), het Mens/Adam geword en Hy was **sigbaar** met ‘n fisiese liggaam. ‘n Fisiese liggaam word met ‘n “tent” vergelyk in 2 Kor. 5:1 - 5.

Dit is dan van hierdie Hebreeuse begrippe wat Petrus en Jakobus in Hand. 15 gebruik gemaak het as illustrasie om te verduidelik dat wat JaHUsha gekom het om te doen, ‘n **vervulling** was van Amos se profesie.

**HANDELINGE 15 SE RESTORASIE VAN DIE VERVALLE HUT VAN DAWID**

> Hand. 15:7  En toe daar 'n groot woordewisseling plaasvind, het **Petrus** opgestaan en vir hulle gesê: Broeders, julle weet dat Elohiem lank gelede onder ons verkies het dat die **heidene** deur my mond die woord van die evangelie sal hoor en gelowig word.   *(Hand. 10)*
> Hand. 15:8  En Elohiem wat die harte ken, het vir hulle getuienis gegee deur aan hulle die Afgesonderde Gees te skenk net soos aan ons.
> Hand. 15:9  En Hy het **geen onderskeid tussen ons en hulle** gemaak nie, aangesien Hy hulle harte gereinig het deur die geloof.
> Hand. 15:10  Nou dan, waarom versoek julle Elohiem deur op die nek van die dissipels 'n <u>juk</u> te lê wat ons vaders en ook ons nie in staat was om te dra nie?
> Hand. 15:11  Maar ons glo dat ons deur **<u>die genade</u>** van die Meester JaHUsha Messias gered word **op dieselfde manier as hulle ook**.
> Hand. 15:12  En die hele menigte het geswyg en na Bárnabas en Paulus geluister, terwyl hulle van al die tekens en wonders vertel wat Elohiem deur hulle **onder die heidene** gedoen het.
> Hand. 15:13  En nadat hulle geswyg het, antwoord Jakobus en sê: Broeders, luister na my!
> Hand. 15:14  Símeon *(Petrus*) het vertel hoe Elohiem in die begin uitgesien het **om 'n volk** uit **die heidene** vir sy Naam aan te neem.
> Hand. 15:15  En hiermee stem die woorde van die profete ooreen, soos geskrywe is:
> Hand. 15:16  **Daarna sal Ek terugkom en die vervalle Hut van Dawid weer oprig** *(Amos 9:11),* en wat daarvan verwoes is, sal Ek weer oprig en dit herstel,
> Hand. 15:17  sodat die oorblyfsel van die mense JaHUaH kan soek, en al die **nasies** oor wie my Naam uitgeroep is, spreek JaHUaH wat al hierdie dinge doen.
> Hand. 15:18  Aan Elohiem is al sy werke van ewigheid af bekend.
> Hand. 15:19  Daarom oordeel ek dat ons **die wat uit die heidene** hulle tot Elohiem bekeer**,** nie moet bemoeilik nie,

Petrus verduidelik hier die Goeie Nuus aangaande JaHUsha aan diè apostels en ouderlinge wat die <u>besnydenis</u> wou **a**fdwing op nuwe bekeerlinge vanuit die nasies (Hand. 14:27c, Hand. 15: 1 – 12).  Dit het daarop neergekom dat hy verduidelik het dat dit wat fisies was vir die Fisiese Koninkryk van Israel, nou **in die geestelike** gemanifesteer het in en deur JaHUsha (vgl Rom. 2:29), en dat die Hut of Tabernakel van Dawid weer sodoende opgerig of "herbou" is soos wat Jakobus dit toe ook verder verduidelik het.

Petrus het dit geweet as gevolg van sy eie ondervinding met die uitstorting van die Gees in Hand. 10 oor die huis van die vrome Cornelius, die hoofman oor honderd van die Italiaanse leër.  Nà hierdie ondervinding i.v.m. 'n ander nasie as Israel, het Petrus gesê …

> "Ek sien waarlik dat Elohiem geen aannemer van die persoon is nie, maar dat in **elke nasie** die een wat Hom vrees en geregtigheid doen, **Hom welgevallig is**.
> Dit is die woord wat Hy gestuur het aan die kinders van Israel toe Hy die evangelie van vrede verkondig het deur JaHUsha Messias - Hy is die Meester van almal.   *(Hand. 10:34 – 36)*

Saamgevat het dit hier in Hand. 15 dus gegaan oor die **GENADE** *("chesed")* wat binne die bereik van die nasies gekom het in en deur JaHUsha Messias wat onder ons kom "<u>tabernakel</u>" het (Joh. 1:1, 14).   Elkeen wat Hom as die Gesalfde Koning van JaHUaH aanvaar, word kinders/seuns van JaHUaH (Joh. 1:12), nie soos 'n fisiese Israel nie (Ex. 4:22), maar deur <u>geestelik</u> van bo deur Elohiem gebore te word (Joh. 1:13) as Sy kinders, m.a.w. Sy volk.

Joh. 1:13  wat nie uit die bloed of uit die wil van die vlees of uit die wil van 'n man nie, maar **uit Elohiem** gebore is.

Dit was alreeds in Genesis so geprofeteer **oor Jakob** wat "Israel" geword het en Jakob het weer oor Manasse en Efraim geprofeteer, met Efraim as simbool van die "**volheid van die nasies/heidene**". Efraim beteken "Dubbeld Vrugbaar".

Josef *(wat die eersgeboortereg in Ruben se plek ontvang het, 1 Kron. 5:1)* het hierdie twee seuns voortgebring *(hy het ... Jakob/Israel se huis ... voortgesit/gebou)* in Egipte wat 'n "wêreldse" plek was waar die Songod aanbid was.

Manasse was simbolies van fisiese Israel en Efraim was simbolies van 'n **Geestelike Israel** vanuit **die nasies**. Alhoewel Efraim die jongste was, het hy die seën van die eersgeborene gekry wat soortgelyk was aan die seën wat Jakob (wie se naam na Israel verander is), gekry het.

Gen. 28:3  En mag Elohiem, die Almagtige, jou *(Jakob/Israel)* seën en jou vrugbaar maak en jou vermeerder, sodat jy 'n **menigte van volke** kan word.

*'n Menigte van volke is: "Kahal Amim".*

*"Kahal" is Strong's H6951: "gemeente", wat in Grieks "Ekklesia" is.*

*"Amim" (Strong's H5971), is "volke"; dis die meervoud van "Am" wat volk beteken*.

Dus: Jakob/Israel sou 'n **Gemeente van Volke/Nasies** word. Jakob seën lateraan vir Manasse en Efraim met oorkruisde hande sodat Efraim die seën van die eersgeborene kan kry. Efraim se seën was soortgelyk aan diè wat sy oupa Jakob (of dan Israel) vanaf Elohiem gekry het. Let op dat die tweede geborene derhalwe nou gesien word as "die eersgeborene" en dat dit profeties is van 'n Israel wat "weer gebore" (weer opgerig) sou word. *(Sien: DIE BEGINSEL VAN DIE TWEEDE BO DIE EERSTE)*

Manasse sou 'n volk (enkelvoud) word, maar Efraim sou die "Volheid van Nasies" word, wat nie net een nasie behels nie. Dit konnekteer weer aan Rom. 11:25 in die Nuwe Testament.

Gen. 48:19  Maar sy vader weier en sê: Ek weet, my seun, ek weet. Hy sal ook 'n **volk** *(H5971, "Am")* word, en hy sal ook groot word; nogtans sal sy jongste broer groter wees as hy, en sy nageslag sal 'n **menigte** *(H 4393, "melo" = volheid)* **van nasies** *(H1471, "goyim" = nasies/heidene)* word.

Rom. 11:25  Want ek wil nie hê, broeders, dat julle hierdie verborgenheid nie moet weet nie, sodat julle nie eiewys mag wees nie: dat die verharding ten dele oor Israel gekom het totdat die **volheid van die heidene** *(nasies)* ingegaan het;

Hierdie verse sinspeel dan op die heroprigting of restorasie van die vervalle hut van Dawid. Jakobus wat nà Petrus aan die woord was in Hand. 15 het dus toe vervolgens verduidelik dat die Torah van Moses (wat gepaardgaan met 'n fisiese Israel) 'n juk was wat niemand kon dra nie en dat daar nou **genade** beskikbaar is in JaHUsha, nie net vir Jode nie, maar ook vir die **nasies** (want die Torah van die Messias was 'n ligte juk teen diè van Moses, Matt. 11:28 – 30). Dit het hy gedoen deur na die **profesie van Amos** te verwys.

JaHUsha het dus as 'n "**Seun van Dawid**" *(die Spruit van Isai, Jes. 11:1)* gekom om die vervalle Hut/Tabernakel van Dawid weer op te bou **deur genade** te bewerkstellig, beide vir die Jood en die nie-Jood, Gal. 3:28.

> Mark. 10:47  En toe hy hoor dat dit JaHUsha die Nasaréner was, begin hy om uit te roep en te sê: **Seun van Dawid**, JaHUsha, wees my <u>barmhartig</u>!
> Mark. 10:48  En baie het hom bestraf, dat hy moet stilbly; maar hy het al harder uitgeroep: **Seun van Dawid**, wees my <u>barmhartig</u>!
>
> Gal. 3:28  Daar is **nie meer Jood of Griek nie**, daar is nie meer slaaf of vryman nie, daar is nie meer man en vrou nie; want **julle is almal een** in Messias JaHUsha.

Die Huis/Hut/Tabernakel is dus geestelik herstel *(Jes. 54)* as 'n geestelike Israel met 'n geestelike Tabernakel waarin **JaHUsha die versoening vir die wêreld is.** Hy is <u>in</u> elkeen wat Hom aanneem as Gesalfde *(Messias in ons, 2 Kor. 13:5, Ef. 3:17, Kol. 1:27)*.

> 1 Joh. 2:2  En **Hy is 'n versoening** vir ons sondes, en nie alleen vir ons s'n nie, maar ook vir dié van **die hele wêreld**.
>
> Kol. 1:27  aan wie Elohiem wou bekend maak wat die rykdom van die heerlikheid van hierdie verborgenheid **onder die heidene** is, dit is **Messias onder** *(in)* **julle,** die hoop van die heerlikheid.  *(Christ **in** you, KJV)*

Die HERSTEL van die vervalle Hut (Sy Verbondsvolk) was **in Hom**. Hy het **GENADE** en Versoening vir die mensdom bewerkstellig. *(Sien ook: <u>Groot Versoendag</u>).*

**DIE HEDENDAAGSE VERBONDSARK IN DIE HEDENDAAGSE "TABERNAKEL VAN DAWID"**

Dawid het 'n Tent in Sion opgeslaan vir die Verbondsark, maar waar is die Verbondsark nou? Waar is die Tabernakel van Dawid nou? Waar is Sion (die stad van Dawid) dan nou?

Die tempel in Jerusalem wat in 70 na Messias afgebreek is sodat nie een steen op die ander oorgebly het nie, het nie die Verbondsark gehuisves nie want sedert Babilon se inval in Jerusalem in die tyd van Jeremia is dit verwyder en weggesteek, maar dit word wel gesien in die **Hemelse Tabernakel** in Open. 11.

> Open. 11:19  En die tempel van Elohiem het in die hemel oopgegaan, en **Sy verbondsark is in sy tempel gesien**, en daar was weerligte en stemme en donderslae en aardbewing en groot hael.

Waar die Verbondsark is, daar is Sion … waar JaHUsha **as ons** Verbondsark is, daar is Sion. Die Sion waarvan Hebreërs praat het nie meer iets te doen met <u>fisiese Jerusalem</u> nie dis verseker (Open. 11:8, Gal. 4:5, 18), maar Sion is wel **daar waar JaHUsha nou is** as ons Middelaar (1 Tim. 2:5, Heb. 4:14 - 16). Dit wat fisies vervalle was, het JaHUsha **herbou** as geestelik. Moses was daar by Sinai 'n skadubeeld van JaHUsha as ons Middelaar (Deut. 18:15 – 18) en ons Sion is nou geestelik.

> Heb. 12:22  Maar julle het gekom by die berg **Sion** en die **stad van die lewende Elohiem**, die **hemelse Jerusalem** en tien duisende engele,
> Heb. 12:23  by die feestelike **vergadering** *(Grieks: ekklesia, Hebreeus: kahal)* en die <u>gemeente</u> van <u>eersgeborenes</u> wat in die hemele opgeskrywe is, en by Elohiem, die Regter van almal, en by die geeste van die volmaakte regverdiges,

Heb. 12:24 en by **JaHUsha**, die **Middelaar van die Nuwe Testament**, en die bloed van die besprenkeling wat van beter dinge spreek as Abel.

In 'n geestelike opset het JaHUsha as "Seun van Dawid" dus onder ons kom "Tabernakel" om Sy genade *(wat verteenwoordig was deur die Verbondsark met die Versoendeksel)* na ons as die nasies toe te bring. In Hom is dus die "bestendige **genade**bewyse van Dawid", want Hy is die Versoening.

Jes. 55:3 Neig julle oor en kom na My toe, luister, en julle siel sal lewe; Ek wil met julle 'n **ewige verbond** sluit: die bestendige genadebewyse van Dawid.
Jes. 55:4 Kyk, Ek het hom tot 'n getuie **van die volke** gemaak, tot 'n vors en 'n gebieder van **die nasies**.
Jes. 55:5 Kyk, **nasies wat jy nie geken het nie**, sal jy roep; en **nasies wat jou nie geken het nie**, sal na jou hardloop, ter wille van JaHUaH jou Elohiem en van die Afgesonderde van Israel, omdat Hy jou **verheerlik** het.

**TENT EN GENADE**

'n Tent bied beskerming teen die elemente van die natuur. Die skaapherder het vir hom 'n hut van takke gemaak as beskutting teen die son en reën. Netso is JaHUsha se genade vir ons 'n **beskutting**.

Jes. 4:5 Dan skep JaHUaH oor elke woonplek van die berg **Sion** en oor Sy plekke van samekoms 'n **wolk** bedags en rook met die glans van **vuurvlamme** in die nag; want oor alles wat heerlik is**, sal daar 'n beskutting wees**.
Jes. 4:6 En daar sal 'n **afdak** wees vir 'n skaduwee bedags teen die hitte en vir 'n **skuilplek** en **toevlug** teen die stortbui en die reën.

Jes. 27:5 Of hulle moet **My beskutting aangryp**, vrede met My maak, vrede met My maak.
Jes. 27:6 In die dae wat kom, sal **Jakob** wortel skiet, **Israel** sal bloei en uitbot, sodat hulle die wêreld vol vrugte sal maak.

Vanuit Fisiese Israel *("**Jakob** skiet wortel")* het 'n Geestelike Israel uitgebot *("**Israel** sal bloei en uitbot")* as gevolg van JaHUsha se **Genade.** Vergelyk Gen. 22:14 – 18 en Gen. 35:10 - 11 waar Jakob geestelik gebore, m.a.w. "weergebore", is as "Israel"... dit wat met die individu gebeur het, gebeur nou met die volk.

"Genade" wat dan nou volgens Hand. 15:13 – 19 verband hou met die "Tabernakel van Dawid", word vertaal as die "**afgesonderde weldade van Dawid**" in Hand. 13, want die Griekse woord vir "weldade" is: G3741 "**hasios**", wat ooreenkom met die Hebreeuse: H2167 "**chesed**", wat dikwels as "**genade**" vertaal word.

Hand. 13:34 … "Ek sal aan julle gee, die afgesonderde **weldade** van Dawid wat betroubaar is"

Dit verwys terug na Jes. 55:3 se "bestendige **genadebewyse** van Dawid" as 'n ewige verbond.

Die Israeliet van ouds het die Tabernakel genader met sy offers om sodoende **genade en vergifnis** vanaf JaHUaH te ontvang, want by die Tabernakel was **genade** binne die bereik van die Israeliet. Op die Groot Versoendag het die hele volk genade vir hulle sondes ontvang vir een jaar lank.

So gaan die "geestelike Israeliet" na JaHUsha as die "Tabernakel" om **genade** *(Joh. 3:16)* as "die afgesonderde weldade ***(mercies** G3741)* **van Dawid**" te verkry, hoewel nie net vir een jaar lank nie, maar vir ewig.

> Hand. 13:33 soos daar ook in die tweede psalm geskrywe is: **U is my Seun**, vandag het Ek U **gegenereer**.
> Hand. 13:34 En dat Hy Hom opgewek het uit die dode, sodat Hy nie meer tot verderwing sou terugkeer nie, het Hy só gespreek: Ek sal aan julle gee die **afgesonderde weldade** *(mercies G3741)* **van Dawid** wat betroubaar is.

Dis 'n vervulling van die ewige verbond waarvan Jesaja ook geprofeteer het ...

> Jes. 55:3 Neig julle oor en kom na My toe, luister, en julle siel sal lewe; Ek wil met julle 'n ewige verbond sluit: die **bestendige <u>genade</u>bewyse** *(sure mercies, H2617)* **van Dawid**.

Dawid was eens JaHUaH se gesalfde koning, maar Petrus het verduidelik dat Dawid gesterf het en nie meer bestaan nie, terwyl **JaHUsha** as die **Afgesonderde Gesalfde** *(as die "Seun van Dawid")* opgestaan het uit die dood, al het Hy gesterf. Sy "Tabernakel/Tent/Liggaam" (2 Kor. 5:1 – 4) is HEROPGEBOU as 'n Verheerlikte liggaam, waarna Hy Sy Gees uitgestort het in Hand. 2 tot die **heropbouing** van Israel as 'n **Nuwe Skepsel** *(2 Kor. 5:16 – 21)*, 'n **herstelde** en verheerlikte Israel, in en deur Hom.

> Hand. 2:25 Want Dawid sê van Hom: Ek het JaHUaH altyddeur voor My gesien, want Hy is aan my regterhand, dat Ek nie sou wankel nie.
> Hand. 2:26 Daarom is my hart bly en my tong juig, ja, ook sal my vlees nog rus in hoop.
> Hand. 2:27 Want U sal my siel nie aan die doderyk oorlaat of U Afgesonderde oorgee **om verderwing** te sien nie.
> Hand. 2:28 U het My die weë van die lewe bekend gemaak, U sal My vervul met vreugde by u aangesig.
> Hand. 2:29 Broeders, ek kan vry-uit met julle spreek oor die **aartsvader Dawid**, dat hy **gesterf het** en ook **begrawe is**, en **sy graf is by ons tot vandag toe**.
> Hand. 2:30 Omdat hy dan 'n profeet was en geweet het dat Elohiem vir hom met 'n eed gesweer het **dat hy uit die vrug van sy lendene**, wat die vlees betref, die **Gesalfde sou verwek** om **op sy troon te sit**,
> Hand. 2:31 het hy, omdat hy dit vooruit gesien het, **gespreek van die opstanding van die Gesalfde**, dat sy siel nie in die doderyk verlaat is en sy vlees ook nie verderwing gesien het nie.
> Hand. 2:32 Hierdie JaHUsha het Elohiem opgewek, waarvan ons almal getuies is.
> Hand. 2:33 Nadat Hy dan deur die regterhand van Elohiem verhoog is en van die Vader die belofte van die Afgesonderde Gees ontvang het, het Hy dít uitgestort, wat julle nou sien en hoor.
> Hand. 2:34 **Want Dawid het nie in die hemele opgevaar nie**, maar hy self sê: JaHUaH het gespreek tot my Meester: **Sit aan my regterhand** *(Ps. 110)*
> Hand. 2:35 totdat Ek u vyande gemaak het 'n voetbank van u voete.
> Hand. 2:36 Laat dan die <u>hele huis van Israel</u> sekerlik weet dat Elohiem **Hom Meester en Gesalfde gemaak het**, hierdie **JaHUsha wat julle gekruisig het**.

> Gal. 6:15 Want **in die Gesalfde JaHUsha** het nòg die besnydenis nòg die onbesnedenheid enige krag, maar 'n **Nuwe Skepsel** *(2 Kor. 5:17).*
> Gal. 6:16 En mag daar vrede en barmhartigheid wees oor almal wat sal wandel volgens hierdie reël, en oor die **Israel van Elohiem**!

Die Israel van Elohiem as die **Nuwe Skepsel** bestaan uit JaHUsha as die Hoof en die Gemeente as Sy liggaam (die Gemeente van Nasies, Gen. 28:3 sien p.5).

> Ef. 1:22 En Hy het alle dinge onder Sy voete onderwerp en Hom as **Hoof** bo alle dinge aan die **gemeente** gegee,
> Ef. 1:23 wat **Sy liggaam** is, die volheid van Hom wat alles in almal vervul.
>
> Ef. 5:23 Want die man is die hoof van die vrou, **soos Messias ook Hoof is van die gemeente**; en Hy is **die Verlosser van die liggaam**.

Ook Paulus het die fisiese en afgestorwe aartsvader Dawid met JaHUsha as diè **Gesalfde** vergelyk wat wel opgestaan het uit die dood en deur wie daar vergifnis is.

> Hand. 13:35 Daarom sê Hy ook op 'n ander plek: U sal U Afgesonderde nie oorgee **om verderwing te sien nie**.
> Hand. 13:36 **Want Dawid het ontslaap**, nadat hy sy eie geslag volgens die raad van Elohiem gedien het, en is by sy vaders weggelê en **het verderwing gesien**,
> Hand. 13:37 **MAAR** Hy wat deur Elohiem **opgewek is**, <u>het geen verderwing gesien nie</u>.
> Hand. 13:38 Laat dit dan aan julle bekend wees, broeders, dat **deur Hom** VERGIFNIS VAN SONDES aan julle verkondig word,
> Hand. 13:39 en dat elkeen wat glo, **deur Hom geregverdig word** van alles waarvan julle deur die wet van Moses NIE geregverdig kon word nie.

Paulus en ook die ander skrywers van die Nuwe Testamentiese briewe het daarom meestal hulle briewe begin deur na die GENADE wat JaHUsha binne ons as die nasies se bereik gebring het, te verwys.

> Rom. 1:1 Paulus, 'n dienskneg van JaHUsha die Gesalfde, 'n geroepe apostel, afgesonder tot die evangelie van Elohiem—
> Rom. 1:2 wat Hy tevore beloof het deur sy profete in die afgesonderde Skrifte,
> Rom. 1:3 aangaande Sy Seun wat gebore is na die vlees **uit die geslag van Dawid**
> Rom. 1:4 en na die Gees van afsondering met krag verklaar is as **die Seun van Elohiem** deur die **opstanding uit die dode**, JaHUsha die Gesalfde, ons Meester,
> Rom. 1:5 <u>deur wie ons **GENADE**</u> en die apostelskap ontvang het om geloofsgehoorsaamheid te verkry **onder al die heidene** ter wille van Sy Naam,
> Rom. 1:6 **onder wie julle ook is**, geroepenes van JaHUsha die Gesalfde
> Rom. 1:7 aan al die geliefdes van Elohiem, geroepe afgesonderdes <u>wat in Rome is</u>: **GENADE vir julle** en vrede van Elohiem ons Vader en die Meester JaHUsha die Gesalfde!

In en deur JaHUsha "verrys" die Huis van Israel dus "uit die dood uit" in 'n **verheerlikte** en **geestelike** hoedanigheid as die "vervalle hut van Dawid" wat weer opgerig word d.m.v. <u>genade</u>.

**SAMEVATTING**

JaHUsha is dus die Gesalfde, die Koning, die Seun van Dawid (die Geliefde Seun van die Vader), wat die "Voortsetter" van die Huis is, deurdat Hy **uit die dood uit opgestaan het** en **nie verderwing gesien het nie**, deur wie ons as **die nasies** gevolglik as 'n Geestelike Israel **deur Sy verbond van genade** 'n Skuilplek

deelagtig geword het in 'n Geestelike Sion (Heb. 12), wat die Huis van die Vader is, naamlik die Hemelse Koninkryk (Mark. 1:14 – 15) en dit is baie Goeie Nuus!

Dit is in kort wat die restorasie van die "Vervalle Hut/Tabernakel van Dawid" behels, MAAR daar is 'n beweging wat dit as iets anders voorhou.

**'N NUWE TEOLOGIE**

Mense is lief daarvoor om "nuwe" teologieë te maak deur sekere skrifgedeeltes buite verband te gebruik. So is daar 'n Teologie die wêreld ingestuur i.v.m. die "heropbou van die vervalle Tabernakel van Dawid" wat ietwat anders is as dit wat Amos, Petrus, Jakobus en Paulus verduidelik het.

Daar is meer inligting wat daarteen waarsku in die Dokument getiteld: Discernment Newsletter, September/October 2012 (http://discernment-ministries.net/Newsletters/NL2012SepOct.pdf): **The Davidic Order of Worship, 24/7's History Page.**

**SLOT**

Ons fokus behoort op JaHUsha en Hom as gefolterde te wees (1 Kor. 2:2), wat genade binne ons bereik gebring het deurdat Hy onder ons kom Tabernakel het en die dood oorwin het, sodat ons deur Hom die ewige lewe kan beërwe.

Om "die vervalle hut van Dawid weer op te rig" gaan dan ook nie oor 'n fisiese Israel wat weer in plek moet wees nie, maar wel oor 'n "koninklike priesterdom" wat nie meer volgens die tydelike Levitiese priesterlike orde opereer nie. *(Sien: MELGISEDEKORDE SAAMGEVAT)*

In JaHUsha is die vervalle Hut van Dawid volgens Amos se profesie weer opgerig deurdat die Israel van Elohiem (komende vanuit die nasies), "**weer 'n keer gebore is**" as 'n Nuwe Skepsel.

Dit wat "tweede gebore is" het nou die **Gemeente van Eersgeborenes** geword (Heb. 12:22 – 23), soos wat Jakob (wie se naam na Israel verander is) dit geskiedkundig geprofeteer het toe hy Efraim en Manasse met oorkruisde hande geseën het!

Die heroprigting van die "Tabernakel van Dawid" handel dus eintlik oor die GENADE wat vir die MENSDOM as die "nasies" beskibaar geword het in en deur JaHUsha as ons Skuilplek. Hallelu JaH!

0-0-0-0-0

AndriYaH
November 2020